Downloaded from Stanmorephysics.com



KZN DEPARTEMENT VAN ONDERWYS

GREENBURY SEKONDÊRE SKOOL

JUNIE EKSAMEN – 2017

AFRIKAANS ( EAT )- V1

BEGRIPS, OPSOMMING EN TAAL

GRAAD : 11

PUNTE : 80

TYDSDUUR : 2 UUR

EKSAMINATRISE : P. RAMJEE

MODERATRISE : S.SUKHNANAN

DATUM : 22 / 06 / 2017

HIERDIE VRAESTEL BESLAAN ---------12-------BLADSYE.

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit **DRIE** afdelings.

   AFDELING A : LEESBEGRIP [ 30 ]

   AFDELING B : OPSOMMING [ 10 ]

   AFDELING C : TAAL [40 ]

2. Beantwoord **AL** die vrae.
3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in die vraestel gebruik is.
4. Skenk veral aandag aan spelling en sinskonstruksie.
5. Beplan jou tyd so :

   Afdeling A: 50 minute

   Afdeling B : 30 minute

   Afdeling C : 40 minute

6. Skrfy netjies en leesbaar.


Blaai om .......bl.2

**AFRDELING A: LEESBEGRIP**

**TEKS A: KOERANTARTIKEL**

**LEES DIE ONDERSTAANDE KOERANTARTIKEL EN BEANTWOORD DIE VRAE**

# Tiener, hoe behoort jy te leef?



1 Toe jy klein was, het jy nie veel keuses gehad nie. Jou ouers het besluit waaraan jy moet deelneem en na watter TV-programme jy mag kyk.

2 Nou is jy 'n tiener en jy het 'n groter sê oor jou lewe. Jy kan egter nie doen wat jy wil nie, want jy is deel van 'n gesin by wie jy belangrike lewenslesse kan leer. In hierdie stadium speel jou vriende ook 'n belangrike rol in jou lewe. Die dinge wat jy in jou tienerjare by jou familie en vriende leer, help jou om verskillende situasies in die toekoms beter te hanteer.

3 Jy moet soveel moontlik by jou ouers leer terwyl jy nog onder hulle dak bly. Leer by jou ma hoe om kos te maak en by jou pa hoe om werkies om die huis te doen. Party dinge is dalk nie lekker om te doen nie, maar jy sal later jammer wees as jy dit nie gedoen het nie. As jou ouers nie meer by jou is nie, kan jy dinge self doen en só baie geld spaar.

4 Kyk na die alledaagse dinge wat jou ouers vir jou doen en wees dankbaar daarvoor. As jy begin werk, moet jy al hierdie dinge soos kos kook, wasgoed was en klere koop, self doen. Jy sal baie keer die rande moet rek en planne moet maak om dit alles te kan bekostig. Jou ouers het al hierdie dinge sommer net uit liefde vir jou gedoen. Respekteer jou ouers, al verskil jy soms van hulle.

5 As jy so gelukkig is om broers en susters te hê, waardeer hulle. Na skool gaan elkeen sy/haar eie rigting en elkeen kies dalk om in 'n ander land te gaan bly. Julle sien mekaar dan net by spesiale geleenthede.

6 Tieners besef dit nie altyd nie, maar deur hard te werk op skool, leer jy selfdissipline aan. Goeie punte op skool bepaal jou keuses na skool. Te veel mense wat klaar is met skool, sê dat hulle wens hulle het harder gewerk en beter op skool gedoen.

7 Tienerjare is die tyd om ervaring op soveel moontlik gebiede op te doen. As jy net op sport of net op kultuur fokus, gee jy jou nie kans om te ontdek waarvan jy hou of waarin jy goed is nie. Doen soveel verskillende aktiwiteite as wat jy kan sodat jy as mens kan groei!

8 In hierdie fase van jou lewe moet jy mooi dink aan jou toekoms en die beroep wat jy wil volg. Doen goeie navorsing oor die verskillende beroepe, geleenthede in daardie beroepe en die geld wat jy in 'n spesifieke beroep gaan verdien. Dit moenie 'n emosionele besluit wees nie. Jou besluit moet op feite gebaseer word.

9 Gryp elke geleentheid wat 'n positiewe verskil in jou lewe gaan maak, aan. Wees versigtig hoe jy leef en pasop wie jy as vriende kies. Leef elke dag voluit. Gebruik jou tienerjare en word die mens wat jy graag wil wees.

[Verwerk uit: *Die Burger*, 19 Julie 2010]

BLAAI OM.......BL. 3

## VRAE



1.1 Wie het die keuses vir tieners gemaak toe hulle klein was? 1

1.2 Wie, dink jy , moet die artikel lees? Gee 'n motivering vir jou antwoord. 2

1.3 Die volgende stelling is **WAAR**. Haal **twee agtereenvolgende woorde** aan (par 2) wat die stelling bewys. **Tieners het meer beheer oor al die keuses in hulle lewens.** 1

1.4 Kies die korrekte antwoord. Skryf net die nommer en korrekte letter neer.

1.4.1 Tieners behoort tyd saam met hulle ouers deur te bring want hulle...

A. doen net lekker dinge saam.

B. ouers kies hulle vriende.

C. leer so baie dinge by hulle ouers.

D. ouers help met beroepskeuse. 1

1.4.2 " Jy sal baie keer die rande moet rek " ( par 4 ) beteken tieners moet:

**A.** baie geld hê voordat hulle kan koop. **B.** alles koop wat hulle wil.

**C.** eers geld spaar voordat hulle kan koop. **D.** met hulle min geld baie kan koop. 1

1.5 "Leer by jou ma hoe om kos te kook en by jou pa hoe om werkies om die huis te doen. "

Die bostaande sin is 'n voorbeeld van ( **stereotipering / manipulering**) 1

1.6 Haal 'n **sinsdeel** uit par.3 aan wat daarna verwys dat dit baie sal help as tieners baie dinge leer wanneer hulle nog by hulle ouerhuise is. 1

1.7 Waarom doen ouers alledaagse dinge vir jou? 1

1.8 Haal **een woord** aan wat daarop aandui dat broers en susters mekaar moet koester.1

1.9 Hoe leer tieners selfdissipline? 1

1.10 Waarvoor is te veel mense spyt , volgens par. 6. Noem **een** ding. 1

1.11 Hoekom is dit nodig vir tieners om op verskillende dinge te konsentreer as hulle as mense wil groei. (par. 7 )? 1

1.12 Waarom dink jy is die prent funksioneel? 1

1.13 Noem **twee feite** wat tieners oor hulle beroepe moet uitvind. 2

1.14 Watter **twee** waarskuwings kry tieners in par. 9? 2

1.15 Wat leer jy uit hierdie artikel oor die verhouding met jou familie? 2

**[ 20 ]**

**Blaai om......bl.4**

TEKS B : ADVERTENSIE

LEES DIE ONDERSTAANDE ADVERTENSIE EN BEANTWOORD DIE VRAE.




# Nie 'n kliënt nie?

## Laai ons nuwe toepassing af en maak gratis gebruik van

## Help 24/7 @OUT

Selfs al is jy nie 'n OUTsurance kliënt nie, kan jy ons diens toets met een gratis gebruik van Help@out - ons 24 uur nood pad- en tuisbystanddiens.

Verder kan ons kliënte hulle fasiliteite opdateer en algemene navrae doen waarvoor hulle ons voorheen moes bel.

Om af te laai, gaan na outsurance.co.za/app of sms "app" na 44687

Standaard sms tariewe geld

OUT SURANCE

Waar jy altyd iets uitkry.

Blaai om .....bl.5

1.16 Wat word geadverteer? 1

1.17 Wie is die adverteerder? 1

1.18 Hoekom is die woord "**Help** " in vetgedruk geskryf? 1

1.19 Haal **een** woord aan wat sê dat die kliente niks vir die gebruik van die hulplyn betaal nie. 1

1.20 " .........help 

@out........ "

Sê of die woord " help " in die uitdrukking 'n **denotiewe of konnotiewe** betekenis het. Gee 'n rede vir jou antwoord. 1

1.21 Noem **een** plek waar die toepassing afgelaai kan word. 1

1.22 Wat is die **slagspreuk** van die adverteerder? 1

1.23 Sê in jou eie woorde wat 

beteken. 1

1.24 Watter <u>twee</u> tekeninge help 'n mens verstaan dat **Help @ out** by die huis en op die pad jou sal help. 2

**[ 10 ]**

**TOTAAL : 30**

**Blaai om...... bl 6**

## AFDELING B: OPSOMMING

### VRAAG 2

### INSTRUKSIES

Lees die teks hieronder deur en voer die instruksies uit.

- Noem SEWE dinge wat motorbestuurders kan doen om brandstofverbruik te verminder.
- Skryf die dinge puntsgewys neer.
- Nommer die sinne van 1 tot 7.
- Laat 'n reël tussen elke wenk oop.
- Jou opsomming mag nie langer as 70 woorde wees nie.
- Dui die KORREKTE getal woorde **aan die einde** van die opsomming aan.

**WAT MOTORBESTUURDERS KAN DOEN OM BRANDSTOFVERBRUIK TE VERMINDER**

1 Brandstofpryse styg en motoreienaars se sakke raak al leër, maar almal moet ry: werk toe, skool toe of sommer net na 'n vakansiebestemming toe. Daar is egter praktiese raad hoe om jou motor se brandstofverbruik te verminder.

2 Beplan jou uitstappies en take aan die begin van die week sodat jy alles wat jy in een omgewing moet doen, op een slag kan klaarkry. Anders moet jy dieselfde roete meer as een keer 'n week ry.

3 Hoe vinniger jy ry, hoe meer brandstof verbruik die motor; dus moet jy nie vinnig ry of resies teen ander motors jaag nie.

4 Moenie op voertuie voor jou afjaag net om dan hard en vinnig te stop nie. Dit mors nie net baie brandstof nie, maar dit is ook gevaarlik. Ry liewer stadig en stop egalig.

5 Dit vreet brandstof wanneer jy die versneller vinnig en diep intrap met die wegtrek of die rewolusies van die motor te hoog opjaag. Trek daarom stadig by 'n stopstraat of rooilig weg.

6 As jy met jou voet op die koppelaar of rem ry, verhoog dit nie net brandstofverbruik nie, maar ook slytasie.

7 Oop vensters bied weerstand wat brandstofverbruik tot 20% kan verhoog. Hou die motor se vensters toe as jy op die oop pad teen 'n hoë spoed ry.

8 Hoe swaarder die vrag in die motor, hoe meer brandstof verbruik jy. Jy moet daarom nie met onnodige bagasie rondry nie.

9 Bande wat nie styf genoeg gepomp is nie, verhoog jou brandstofverbruik en kan boonop baie gevaarlik wees. Onthou dus om die druk in jou bande weekliks te toets.

[Verwerk uit: *Die Burger* Motorbylae, 2012]

**TOTAAL AFDELING B: 10**


Blaai om....bl. 7

## AFDELING C: TAAL

**VRAAG 3: STROKIESPRENT**

**DIE VRAE WAT VOLG IS OP DIE STROKIESPRENT GEBASEER.**

Strokie 1 ROOI OOG




Strokie 2 ANDY CAPP




Strokie 3 MEESTER EN NEELSIE




Strokie 4 MEESTER EN NEELSIE




[Bron: http.//google.images.com]

Blaai om ....bl 8

3.1 Kies die korrekte antwoord. Skryf net die nommer en antwoord neer.

Die uitroep " Sjoe !" in strokie 1, raampie 1 , suggereer dat die dokter ( **verlig / bekommer**) is. 1

3.2 Hoe weet ons dat Flo ( strokie 2 , raampie 3 ) nie gelukkig met haar man , Andy se woorde is nie. Noem een ding 1

3.3 Watter **voornaamwoord** in strokie 2,raampie 3 sê dat Meneer direk met Neelsie praat en nie van Neelsie nie. 1

3.4 Kyk na strokie 3, raampie 3. Hoe weet ons dat Neelsie dink? 1

3.5 Hoekom word die woord " Sjoe !" in strokie 1, raampie 1, groter geskryf en deur 'n uitroepteken gevolg? 1

**[5]**

**VRAAG 4 : ARTIKEL**

**TEKS D: DIE TAALVRAE WAT VOLG IS OP DIE ONDERTAANDE ARTIKEL GEBASEER.**

## LEKKER FEITE OOR SJOKOLADE

1 In Japan is sjokolade die gewildste present vir Valentynsdag. Die Japanners koop meer as die helfte van hul sjokolade rondom 14 Februarie.

2 Sjokolade word van die sade van die kakaoplant gemaak. Dit groei net op plekke naby die ewenaar.

3 Wit sjokolade is nie regtig sjokolade nie. Dit word met kakaobotter gemaak en nie soos regte sjokolade met kakaopoeier nie. Hierdie feit is regtig interessant.

4 'n Dorp, Slough, in Engeland ruik na sjokolade. Die fabriek wat Mars Bars maak, is daar. Forrest Mars het die besigheid begin en deesdae word drie miljoen sjokoladestafies per dag gemaak.

5 Die Amerikaanse soldate wat van 1939 tot 1945 in die Tweede Wêreldoorlog geveg het, het die eerste M&M sjokolade geëet. Die soldate het die sjokolade geëet vir energie. Die soet doppies het gekeer dat die sjokolade smelt terwyl hulle dit gedra het.

6 Die Switsers eet meer sjokolade as enige ander volk; hulle eet 10 kilogram sjokolade per jaar. Hulle het sjokolade begin maak wat eers by 55 grade Celsius sal smelt.

7 Eet 'n stukkie sjokolade as jy verkoue het. Dit het 'n goeie en natuurlike chemiese stof in wat hoesbuie keer.

8 'n Gewilde lekkergoed in Mexiko is miere wat in sjokolade gedoop is.

[Verwerk uit: *Kids*, Februarie 2011]

**BLAAI OM ....BL. 9**

**4.1 SKRYF DIE SIN IN DIE TOEKOMENDE TYD.**

Dit groei net op plekke naby die ewenaar. 1

**4.2 SKRYF DIE SIN IN DIE VERLEDE TYD**

Jy moet ŉ stukkie sjokolade eet om die verkoue te verhoed. 1

**4.3 SKRYF DIE SIN IN DIE TEENWOORDIGE TYD**

Die susters het sjokolade begin maak. 1

**4.4 SKRYF DIE SIN IN DIE LYDENDE VORM**

Forrest Mars het lank gelede sjokolade gemaak. 1

**4.5 SKRYF DIE SIN IN DIE INFINITIEF EN GEBRUIK BEHOORT**

Die soldate moet sjokolade vir energie eet.

Begin so: **Die soldate behoort………** 1

**4.6 SKRYF DIE SIN OOR MET DIE KORREKTE LEESTEKENS.**

Die Japannese Switsers en Engelse hou ook van sjokolade 1

**4.7 SKTYF DIE SIN IN DIE INDIREKTE REDE**

Forrest Mars sê : " Die Switsers eet meer sjokolade as enige ander volk." 1

**4.8 VERANDER DIE STELSIN NA ŉ VRAAGSIN WAAR DIE ONDERSTREEPTE GEDEELTE DIE ANTWOORD IS.**

Sjokolade herinner almal <u>aan liefde</u>. 1

**4.9 VERBIND DIE SINNE MET DIE VOEGWOORD TUSSEN HAKIES.**

Japanners eet baie sjokolade. Hulle koop dit graag vir Valentynsdag. ( **daarom**) 1

**4.10 SKRYF DIE SIN IN DIE BEDRYWENDE VORM**

Sjokolade word deur almal geëet. 1

**4.11 SKRYF DIE SIN IN DIE DIREKTE REDE.**

Mense sê dat hulle mal oor sjokolade is. 1

**4.12 SKRYF DIE SIN OOR IN DIE ONTKENNING**

Slough ruik nog na sjokolade. 1

**4.13 SKRYF DIE GETAL TUSSEN HAKIES IN WOORDE**

Sekere Switserse sjokolade smelt eers teen (55) grade Celsius. 1

**Blaai om …. Bl 10**

**4.14 VORM 'n DEELWOORD VAN DIE WOORD TUSSEN HAKIES.**

In Switserland sal sjokolade 'n ( **groei** ) industrie bly. 1

**4 .15 GEE DIE BETREKLIKE VOORNAAMWOORD VAN DIE WOORD TUSSEN HAKIES**

Die sjokolade ( **in + wat** ) miere is, is gewild. 1

**4.16 GEE DIE MEERVOUD VAN DIE WOORD TUSSEN HAKIES.**

Dit bevat chemiese ( **stof** ) wat hoesbuie keer. 1

**4.17 GEE DIE INTENSIEWE VORM VAN DIE WOORD TUSSEN HAKIES**

Forrest Mars is ( **baie beroemd** ) vir sy besigheid. 1

**4.18 KIES DIE REGTE WOORD TUSSEN HAKIES.**

As jy te veel sjokolade eet, sal jy aan suikersiekte **( ly / lei )** 1

**4.19 GEE 'n SINONIEM VIR DIE WOORD TUSSEN HAKIES.**

Miere in sjokolade in Mexiko is ( **gewild** ) 1

**4.20 GEE EEN WOORD VIR DIE WOORD TUSSEN HAKIES.**

Drie miljoen sjokoladestafies word ( **elke dag**) gemaak. 1

**4.21 GEE DIE ANTONIEM VAN DIE WOORD TUSSEN HAKIES.**

Die chemiese stof in sjokolade is ( **goed** ) 1

**4.22 GEE DIE VERKEINWOORD VAN DIE WOORD TUSSEN HAKIES.**

Sjokolade word van die sade van ( **kakaoplante** ) gemaak. 1

**4.23 GEE DIE OORTREFFENDE TRAP VAN DIE WOORD TUSSEN HAKIES.**

Switsers eet die ( **baie** ) sjokolade as enige ander volk. 1

**4.24 GEE DIE KORREKTE SAMESTELLING VAN DIE WOORD TUSSEN HAKIES**

Om sjokolade te maak is nie ( **kind + speletjies**) nie. 1

**4.25 VERDEEL DIE WOORD TUSSEN HAKIES IN LETTERGREPE.**

Dit groei net op sekere ( **plekke** ) 1


**[ 25 ]**

**Blaai om.....bl. 11**

**<u>VRAAG 5 : PRENT</u>**

**<u>TEKS E</u>**

**<u>DIE VRAE WAT VOLG IS OP DIE PRENT GEBASEER</u>**




5.1 Hoe weet jy dat die musiek baie luid / hardop is.? 1

5.2 Hoe kan jy sien aan die ma se **gesigsuitdrukking** dat sy geskok is? 1

**5.3 VUL 'n GEPASTE WERKWOORD IN**

Om "raadop" te wees beteken dat jy weet nie wat om te ..................nie. 1

5.4 Hoe word die woord " **voor** " beklemtoon? 1

**5.5 KIES DIE KORREKTE WOORD TUSSEN HAKIES.**

Die ouers in die prent is ( **ontsteld / tevrede** ) **1**

**Blaai om ....bl 12**

**5.6 GEE EEN WOORD VIR DIE WOORD TUSSEN HAKIES**

Die seun se ( laken / kussings / kombers ) is orals op die bed gestrooi. 1

**5.7 KIES DIE WOORDE IN DIE LYS OM DIE SIN KORREK TE VOLTOOI.**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Skoon | lui | slordig | lê |
| Mors | onbeskof | rou | gemors |

5.7.1 Die seun -------op sy bed. 1

5.7.2 Sy kamer is baie -------------. 1

5.7.3 Die stout seun wil nie al die ------------ optel nie. 1

5.7.4 Hy is ----------teenoor sy ouers. 1

[10]

**TOTAAL : 40**

**GROOTTOTAAL: 80**

GREENBURY SECONDARY SCHOOL
DEPARTMENT OF LANGUAGES
H.O.D. MRS R PANDAY

Graad 11: Junie Eksamen
Memorandum – Vraestel 1

1.1. Hulle ouers ✓1
1.2. → Tieners – die titel spreek tieners aan ✓✓1
→ Die opskrif / titel is gerig aan tieners.
1.3. "groter sê" ✓1
1.4.1 C ✓1
1.4.2. D ✓1
1.5. stereotipering ✓1
1.6. "Kan jy dinge self doen en só baie geld spaar" ✓1
1.7. Hulle is lief vir jou" | "uit liefde vir jou" ✓1
1.8. "waardeer" ✓1
1.9. deur hard te werk op skool. ✓1
1.10. Hulle wens dat hulle harder gewerk het en beter op skool gedoen het. ✓1
1.12 Die prent is van ń groep tieners en die artikel is oor tieners // Die prent is van ń groep vriende wat ń belangrike rol in ń tiener se lewe speel. ✓1
1.11. Hulle sal genoeg ervaring op soveel moontlik gebiede opdoen ✓1
1.13. → doen navorsing oor die beroepe (enige 2)
→ " " " geleenthede // geld wat jy in die beroep sal verdien. ✓✓2
1.14 Wees versigtig hoe jy leef ✓ en pasop wie jy as vriende kies. ✓1 2
1.15. Jy kan baie van jou familie leer as jy ń goeie verhouding met hulle het // As jy ń goeie verhouding het, kan jy situasies beter hanteer. ✓✓2
(enige soortgelyke antwoord.)

(20)

1.16. Outsurance padbystand en Tuisbystand di

1.17 OUTsurance

1.18. om die aandag van die leser te trek.

1.19. "gratis"

1.20. denotiewe betekenis
hulle help mense tuis / op die pad

1.21. App Store // Google Play (enige een)

1.22. "Waar jy altyd iets kry"

1.23. Die dienste is dag en nag beskikbaar // Jy kan 24 uur per dag hulp kry // Jy kan enige tyd bel.

1.24. die motor en huis.

(10)

Afdeling B. Opsomming

1. Beplan jou uitstappies en take sodat jy alles op een slag kan doen.

2. Moenie vinnig ry of resies teen ander motors

3. Ry stadig en stop egalig

4. Trek stadig by 'n stopstraat of robot

5. Sluit die motorvensters as jy vinnig op die oop pad ry.

6. Moenie met onnodig bagasie rondry nie

7. Toets die druk in jou bande weekliks.

(60)

Afdeling C: Taal

Vraag 3

3.1. verlig

3.2. Sy staan met gevoude arms.
Sy staar na hom

3.3 "jy"

3.4 Daar is denkborrels voor sy kop.

3.5. om te beklemtoon hoe hy voel /
om die woord te beklemtoon

(5)

4.1. Dit sal net op plekke naby die ewenaar groei.

4.2. Jy moes ń stukkie sjokolade eet om die verkoue te verhoed.

4.3 Die susters begin sjokolade maak

4.4. Sjokolade is lank gelede deur forrest Mars gemaak.

4.5 Die soldate behoort sjokolade vir energie te eet

4.6 Die Japannese, Switsers en Engelse hou ook van sjokolade.

4.7. forrest Mars sê dat die Switsers meer sjokolade as enige ander volk eet.

4.8. Waaraan herinner sjokolade almal?

4.9. Japanners eet baie sjokolade daarom koop hulle dit graag vir Valentynsdag.

4.10. Almal eet sjokolade.

4.11. Mense sê: "Ons is mal oor sjokolade."

4.12. Slough ruik nie meer na sjokolade nie.

4.13 vyf en vyftig

4.14. groeiende ✓

4.15. waarin ✓

4.16. stowwe ✓

4.17. wêreldberoemd ✓

4.18. ly ✓

4.19. populêr ✓

4.20. daagliks ✓

4.21. sleg ✓

4.22. Kakaoplantjies ✓

4.23. meeste ✓

4.24. Kinderspeletjies ✓

4.25. plek / ke ✓ [25]

5.1. Daar is lyne / strepe van die radio of Die woorde "DOEF DOEF" dui dit aan. ✓

5.2 haar oë is wyd oop ✓

5.3. doen ✓

5.4. daar is twee aksenttekens op die "oo" // vetgedruk ✓

5.5. ontsteld. ✓

5.6 bedelaars ✓

5.7.1. lê ✓

5.7.2. sorlig ✓

5.7.3 gemors ✓

5.7.4. onbeskof ✓

[18]

Totaal 40

Groottotaal 80